Ons Tuis – Emily Hobhouse

20 Augustus 2026

Eers belangrike agtergrond rakende die sluiting van o.a. Louis Trichardt Tehuis:

“Ná die Covid-pandemie neem die getal inwoners af en bly die getalle kommerwekkend laag, en die finansiële druk word al groter, gesien in die lig van volhoubaarheid van dienslewering en instandhouding. Navrae word ook ontvang van maatskappye wat studentebehuising in die Danville-omgewing wil ontwikkel. Die Ons Tuis-direksie neem die moeilike besluit om die twee tehuise (Van Rensburg- en Louis Trichardt-tehuis) in die mark te plaas vir verkope. Beperkings op die aktes maak egter slegs voorsiening om die eiendom aan ontwikkelaars te verkoop vir tehuise.

Aansoek word gedoen om die beperkende voorwaardes te lig, en wysigings van die aktes word geregistreer in Februarie 2025. Die aanbod om Van Rensburg-tehuis te koop, word onderteken in Februarie 2025, en die aanbod vir Louis Trichardt-tehuis in April 2025. Bankwaarborge moet gelewer word deur beide kopers en daar verloop dus nog ’n paar maande voordat die prosesse gefinaliseer word.

Gesprekke is gevoer met al die inwoners en hul families by beide tehuise om die beste moontlike oplossing te vind vir die skuiwe na een van die ander tehuise in die Ons Tuis-groep, wat oor drie provinsies strek. Al die personeel by beide tehuise is verskuif na ander tehuise van Ons Tuis (MSW) in Pretoria.

Van Rensburg-tehuis is ontruim op 31 Augustus 2025, en die gedenksteen het sy laaste rusplek gevind by die SP Engelbrecht-museum.

Die ontruiming by Louis Trichardt-tehuis loop ten einde op 30 September 2025, met sy gedenksteen ook veilig by die SP Engelbrecht-museum.

’n Era van bejaardeversorging by twee van die oorspronklike Monumenttehuise van die NHSV is afgesluit in 2025. Ons sê dankie aan al die matrones, bestuurders en personeel by beide tehuise vir 66 jaar se dienslewering aan bejaardes wat daarop staatgemaak het.

Ons dank gaan ook aan die Kommissie van die AKV, die ADV, al die gemeentes en die NHSV se vrouelidmate vir hul betrokkenheid oor al die jare by wyse van besoeke, donasies en as lede van die Inwonerskomitees.

Dankie is so ’n klein woordjie vir ’n fenomenale saak wat ons vir 66 jaar gekoester het en wat ons na aan die hart gelê het. Ons bou steeds voort vir die toekoms met die geskiedenis en ervaring van twee tehuise, Van Rensburg en Louis Trichardt, wat bakens was vir bejaardeversorging in die Kerk.”

Bg is ‘n uittreksel vanaf Ons Tuis webblad

https://onstuis.org/ons-oorde/ons-tuis-louis-trichardt/

Ter verlenging van ons Rietvallei se “Omgee” vir 2026 (wat tydens ons onlangse AJV goedgekeur was), het ons ‘n stewige aflewering bewerkstellig.

Die Fortuner was weereens gelaai en die aflewering van sowat 15 swart sakke het ingesluit skoene, handdoeke, warm truie en ander kledingstukke en warm maak goeters asook ‘n hospitaalbed met matras en ‘n loopraam. Daar was ook ‘n ruim skenking van droeë voedsel en pasta.

Die huidige bejaarde inwoners is hoofsaaklik van staatspensioen afhanklik en is dus ook baie afhanklik van skenkings.

Hierdie was seer sekerlik ook weereens nog een van ons vele suksesse vir Rietvallei.


So:

- Gesien in die lig dat Louis Trichardt deel was van Ons Tuis groep, sal ons projek dan voortaan bekend staan as die Emily Hobhouse projek tot daar anders besluit word; en
- Baie dankie aan ieder en elkeen wat vrywillig en ywerig aan hierdie spesiale 2026 projek deelgeneem het, ook in besonder De Meerpaal Aftree oord en ander streek lede wat tydens Weesgerus bygedra het.





Hieronder volg daar ook ‘n paar fotobeelde wat vanselfsprekend is:

Tyd om te ry, die 4Tuner is nou “van kop tot tone toe” vol, selfs met ‘n hospitaalbed opi dakrak:









<u>Tannie M {links} en Tiny (Toesighouer) neem die items met groot dankbaarheid en glimlagte in ontvangs!</u>





Tiny is al meer as 40jr betrokke by Emily Hobhouse want sy het as kind saam haar moeder werk toe gekom en self later hier begin werk. Sy ken elke hoek en draai van die tehuis en sy mense.

Groete
Tjaart
Nms julle.

